MEDIAVERKLARING

DATUM: 8 Februarie 2022
UITGEREIK DEUR: Elmarie Prinsloo
Tel. 051-4489894/5
E-pos: ceo@bloemskou.co.za
HOEDANIGEID: Hoof-Uitvoerende Beampte
Bloemskou

Bloemskou 2022 se groot terugkeer!

Bloemskou is terug!

Na twee jaar wat die jaarlikse Bloemskou nie kon plaasvind nie, sien ons met groot opgewondenheid uit na vanjaar se skou. Vanjaar se Bloemskou sal vanaf **27 April tot 7 Mei 2022** plaasvind.

Groot skoue, geleenthede en sportbyeenkomste is in afwagting vir die afkondiging waar regulasies aangepas sal word na 50% kapasiteit in aanpassing van die huidige 2000 persone maksimum vir buitenshuis en 1000 persone maksimum vir binneshuis. Enige voorwaardes vir bywoning sal hiermee saam ook aangekondig word.

Besoekers, uitstallers, deelnemers en landbouvertoners sien met ongelooflike opgewondenheid uit na die skou en is die terugvoer so positief. In hierdie lig kan ons reeds bevestig dat die **vermaak program** propvol is en plek maak vir optredes deur bekende kunstenaars soos Elvis Blue, Karen Zoid, Snotkop, Spoegwolf, Early B, Lollos vir die kinders en ook adrenalien belaaide optredes van die FMX motorfiets waagvertonings, BMX en skaatsplank demonstrasies, liggaamsboukompetisie, sintetiese ysskaatsbaan, ovaalbaan wedrenne en die eerste Polo vertoning.

Die **landbouprogram** is vol met ‘n ongelooflike 22 kampioenskappe van perde, skape en beeste en hiervan is 13 nasionale kampioenskappe. Die nasionale kampioenskap van die Jack Russell honderas word ook aangebied.

Besprekings van **uitstalruimtes** is oop en reeds 50% vol met navrae wat nou instroom.
Ten spyte van die stygende kostes en uitgawes, bring ons Bloemskou 2022 aan uitstallers en besoekers teen 2020 pryse!

Indien jy verdere inligting benodig oor enige aspek van die skou, skakel asseblief die Bloemskou-kantore by 051 – 448 9894 of besoek ons webwerf by www.bloemskou.co.za.

Dankie vir almal se ondersteuning die afgelope twee moeilike jare, ons het alles ingesit om Bloemskou te behou vir die gemeenskap en maak staat op almal se ondersteuning vanjaar.

Moet dit nie misloop nie! Bloemskou 2022 – beste vermaak, uitstallers, landboukampioenskappe en 'n uitstekende bemarkings geleentheid. Maak seker jy teken dit aan in jou dagboek - 27 April – 7 Mei 2022!

EINDE

Persv2022datum/emp